SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

NASIONAAL | NATIONAL
saou@saou.co.za t: 012 436 0900 www.saou.co.za

Reg No: LR2/6/2/531

# MEDIAVERKLARING

VRYGESTEL OP 9 SEPTEMBER 2025

EMBARGO: GEEN

## SAOU STEL KNOEIERY VAN GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS AAN DIE KAAK

Die SAOU het vandag 'n klinkende oorwinning in die Arbeidshof in Johannesburg behaal teen die Gautengse Departement van Onderwys (GDO).

Die aangeleentheid spruit uit die voortgesette en omstrede dissiplinêre proses teen mev Erasmus, skoolhoof van Pretoria High School for Girls.

Ten spyte van verskeie ondersoeke wat deur die GDO ingestel is, waarvan die bevindings nie aan die betrokke partye bekend gemaak word nie, het die Departement ook nagelaat om die voorgeskrewe grieweprosedure, wat vir alle werknemers van toepassing is, na te kom.

Die Arbeidshof het vandag beveel dat die GDO binne 30 dae die formele grief wat deur mev Erasmus ingedien is rakende haar behandeling deur die Departement, finaal afgehandel moet word. Verder is die GDO beveel om die SAOU se regskoste, wat namens mev Erasmus opgetree het, op 'n bestraffende skaal te betaal.

Hierdie uitspraak stuur weer 'n kragtige boodskap aan alle werkgewers in die onderwyssektor: prosedures en regte kan nie ligtelik opgeneem word nie. Die SAOU sal altyd standvastig optree in die beskerming van sy lede se belange.

FEDUSA
t: 012 436 0900 | 086 072 6843 f: 012 348 9658 e: saou@saou.co.za w: www.saou.co.za
PO BOX/POSBUS 90120, GARSFONTEIN, PTA, 0042 | 278 SERENESTRAAT/SERENE STREET, GARSFONTEIN, PTA
REG NO: LR2/6/2/531